



**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 32**

**8 Augustus 2021**

**GEBORE**

**vir 'n tyd soos hierdie**

**-John Hagee-**

Ek hoor hoe ouers hulle diep kommer uitspreek. Laat ek dit vir ouers sê: Moenie jou kinders jammer kry of vrees wat vir hulle voorlê oor die wêreld waarin hulle grootword nie.

**Hulle lewe nie toevallig nou nie**

God het hulle geskep en hulle geroep om op hierdie presiese oomblik te lewe. Hulle lewe nie toevallig of per ongeluk nou nie. Moenie hulle leer om bang te wees of mismoedig te voel oor die toestand van die wêreld nie. Leer hulle om vol hoop te wees dat hulle iets positiefs kan doen om hierdie wêreld te beïnvloed.

**Leer hulle sodat hulle die wêreld kan verander**

Maak hulle groot sodat hulle die krag waarin hulle as kinders van God kan wandel, sal leer ken. Leer hulle die gesag van God se Woord en hoe om geloof te hê, in die wete dat God in beheer van ons lewens is. Bemagtig hulle om te weet dat hulle die wêreld kan verander.

**In die tyd waarvoor God hulle bestem het**

Elke mens in die ganse geskiedenis is volgens God se soewereine plan gebore in die tyd waarvoor God hulle bestem het. Hy het geweet dat Abraham sy toets kon slag. Hy het geweet dat Daniël die leeuuil kon hanteer. God is soewerein. Hy het geweet dat Dawid vir Goliath kon hanteer. Ons kinders kan enigiets hanteer omdat God met hulle is. Hy het geweet dat Petrus vervolging kon hanteer. Hy het geweet dat Paulus Rome sou kon hanteer. Hy weet ook dat ons kinders die uitdagings wat hulle in hul lewens gaan teëkom, sal kan hanteer omdat Hy hulle spesifiek vir hierdie tyd geskep het.

**Beskou dit as 'n eer**

Moenie bevrees wees oor jou kinders nie, beskou dit as 'n eer dat God jou gekies het om die generasie wat deur die grootste uitdaging van ons leeftyd in die gesig gestaar word, op te voed. Maak leiers soos Abraham, Moses, Daniël, Dawid, Ester, Petrus, Paulus en .... groot.

**Die lig van waarheid verdryf die duisternis**

God sit nie in die hemel met Sy kop in Sy hande en wonder wat die finale uitslag van hierdie krisis sal wees nie. Hy het van Genesis af geweet dat hierdie chaos sou aanbreek. God is besig om 'n leer op te rig wat die duisternis sal verdryf deur die lig van waarheid aan te skakel en Sy heerlijkheid oor die hele aarde bekend te maak.

**Gebore vir 'n tyd soos hierdie**

Moenie dat jou vrees die grootheid van God in jou kinders by hulle steel nie. Ek weet dat dit moeilik is om hulle as enigiets anders as net ons kinders voor te stel. Ons wil hulle beskerm teen enigiets wat hulle kan seermaak, maar onthou hierdie waarheid: Hulle is vir 'n tyd soos hierdie gebore. God is met ons en God is in beheer.

## **Dankie!**

- Dat ons kan weet dat in en deur Christus, ons kinders die uitdagings van hierdie tyd sal kan hanteer!
- Dat niks buite God se plan kan gebeur nie!
- Ook vir almal wat genesing ontvang het en herstel het van covid, operasies en ander siektetoestande!

## **Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir die gemeente bedieninge.
- Vir almal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente. Daar is só baie mense.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyns ons harte met God se hart.
- Vir Sy genade en ontferming oor ons in SA. Dat SA sal terugdraai na God met hulle hele hart!
- Vir die genesing en herstel van ons land.

## **Voorbidding**

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Magriet du Plooy –vir volkome genesing. Vir nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – Vir volkome herstel en genesing.
- Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
- Johan Kotze – Is baie siek, Vir volkome herstel en genesing.
- Kobus du Plessis – het covid en baie siek. Vir volkome genesing.
- Basie Roux – vir volkome genesing.

## **Gedagte vir die week:**

**Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?**

**Jer 32:27**

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor.  
*N.G.Kerk Vaalpark se webtuiste: [ngvaalpark.org](http://ngvaalpark.org)*

